

6 April

Lees: 2 Kronieke 19:4-11

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 19:6(b); Romeine 12:2

Laat die Here die pad van jou omkeer bepaal

Ná koning Josafat van Juda teruggekeer het van die slagveld waar koning Agab van Israel dood is, het hy by monde van Jehu die boodskap baie duidelik gekry dat hy verkeerd gedoen het in die oë van die Here. Josafat se rykdom en aansien (hoofstuk 18) het hom dinge laat doen wat verkeerd was. Hy het homself dinge aangematig en betrokke geraak by alles behalwe dit waarvoor hy as koning oor Juda aangestel is. In die geveg teen die Arameërs het die Here hom egter bewaar.

Ons lees nie watter indruk die woorde van Jehu op Josafat gehad het nie, maar dit is duidelik dat hy hom aan die internasionale politiek onttrek het en besig geraak het met dit waarvoor hy geroep is, naamlik om koning van Juda te wees. Hy het begin om weer dit te doen wat hy aan die begin van sy regeringstyd – voordat rykdom en aansien vir hom belangrik geword het – gedoen het, naamlik om na die wil van die Here te vra.

Die aanstel van regters om reg te spreek, wys op die totale omkeer van Josafat sodat hy weer op die pad kan wees waarop die Here wil hê dat die volk moet gaan. Die regters word daarop gewys dat hulle nie die regspraak vir mense doen nie, maar dit namens die Here doen. Verder moes die regters daarvan bewus bly dat die Here by hulle teenwoordig is. Wat 'n geweldige verantwoordelikheid is dit nie! Namens die Here en ook in sy teenwoordigheid!

Josafat se omkeer was 'n belangrike terugkeer van dit wat vir hom belangrik was na dit wat die Here van hom gevra het. Omkeer en terugkeer mag nooit wees na dit wat ons dink nie, maar moet altyd bepaal word deur wat die Here vra. In ons terugdraai na die Here – in ons omkeerstrategie – moet ons gedryf word deur God se liefdeshandeling in Christus waarin volkome verlossing ons deel geword het. In die gee van onself as lewende, heilige en vir God aanneemlike offers, moet ons "... nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is" (Rom. 12:2).

Sing: Psalm 9:1, 2

Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)